

21 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 17

Die mooi Babilonvrou

Ons maak vroeg in die geskiedenis kennis met Babel. In Gen 11 word vertel van die toring wat die mense wou bou. Dit moes tot aan die hemel reik. So wou hulle vir hulle deur prestasie 'n naam maak! Verder weet ons ook nog van die Babel van Nebukadnesar, die mooi stad waarheen Daniël en die volk en die tempelskatte weggevoer is. Daar is in Openbaring sewe Babelvisioene wat die grootheid en ondergang van die stad openbaar.

In ons Skrifgedeelte is die stad 'n vrou wat op die dier, die Antichris ry. Uitgedos in die mooiste klere en met 'n goue beker vol goddeloosheid en sedeloosheid om mense te verlei. Tegelyk is die Babilonvrou die teenbeeld van die vrou in die woestyn van Op 12 en van die Nuwe Jerusalem, die verheerlikte kerk. Daarom dink baie verklaarders aan Babilon as die valse kerk wat ook politieke magte (konings) teen God en die kerk gebruik. Menslike prestasie kan so teen God gebruik word.

In diens van die antichristelike magte word die sonde in die goue beker verdoesel. Maar pas op, dit is eintlik vol gif, want dit word die gifbeker wat God se oordeel bevat! Haar ondergang volg wanneer die staatsleiers ontnugter word en agterkom dat hulle in 'n doodloopstraat beland het. Vandag hardloop mense so maklik agter die sonde in sy verskillende gestaltes aan. Om dan maar uit te vind dat alle verslawing jou lewe tot 'n hel maak!

Sing: Psalm 75:1,5

Dr B Duvenage (Emeritus)